Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat, kragtens die bepalings van artikel *vyf* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), die Afrikaanse naam van die „Johannesburg Commercial High School", naamlik „Johannesburgse Handelshoërskool", geregistreer is.

✱ No. 1510.] [30 Junie 1953.

BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—HOËRSKOOL UPINGTON.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Binnelandse Sake, kragtens die bepalings van artikel *vyf* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), die naam, uniform en wapen van die Hoërskool Upington, soos beskryf in kennisgewing No. 594 van 10 Maart 1953, geregistreer het.

✱ No. 1511.] [10 Julie 1953.

NATURELLE-VERTEENWOORDIGINGSWET, 1936 (No. 12 VAN 1936), SOOS GEWYSIG.—VERKIESING VAN SENATOR.

Ooreenkomstig die bepalings van paragraaf 69 van die regulasies afgekondig ingevolge artikel *drie-en-veertig* van die Naturelle-verteenwoordigingswet, No. 12 van 1936, soos gewysig, word hierby bekendgemaak dat mnr. Cecil Cowley op 1 Julie 1953 behoorlik verkose verklaar is as lid van die Senaat vir die kiesgebied Die Provinsie Natal.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

✱ No. 1490.] [29 June 1953.

AMENDMENT IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—JOHANNESBURG COMMERCIAL HIGH SCHOOL.

It is hereby notified for general information that, in terms of section *five* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), that the Afrikaans version of the name of the Johannesburg Commercial High School, viz., "Johannesburgse Handelshoërskool", has been registered.

✱ No. 1510.] [30 June 1953.

PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—UPINGTON HIGH SCHOOL.

It is hereby notified for general information that the Minister of the Interior has, in terms of section *five* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), registered the name, uniform and badge of the Upington High School as described in Government Notice No. 594 of the 10th March, 1953.

✱ No. 1511.] [10 July 1953.

REPRESENTATION OF NATIVES ACT, 1936 (No. 12 OF 1936), AS AMENDED.—ELECTION OF SENATOR.

In accordance with the provisions of paragraph 69 of the regulations promulgated under section *forty-three* of the Representation of Natives Act, No. 12 of 1936, as amended, it is hereby notified that Mr. Cecil Cowley was duly declared elected on the 1st July, 1953, as a member of the Senate for the Electoral Area The Province of Natal.

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

✱ No. 1445.] [10 Julie 1953.

INTREKKING VAN KOMMISSIE VAN OFFISIERE VAN DIE UNIE-VERDEDIGINGSMAG.

Hierby word bekendgemaak dat Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal, kragtens artikel *twee-en-dertig* van die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, die kommissie van tweede luitenant Percy Arthur Thomas Axcell, 3 Veldregiment, Suid-Afrikaanse Artillerie (Transvaal Horse Artillery), Aktiewe Burgersmag, met ingang van 15 Mei 1953, ingetrek het. (A.G. 372/1B/8)

✱ No. 1491.] [10 Julie 1953.

WYSIGING VAN DIE MILITÊRE REGLEMENT VAN DISSIPLINE.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bepalings van artikel *twee* van die Wet tot Wysiging van die Verdedigingswet, en op Vrygewestelike Magte, 1932 (Wet No. 32 van 1932), soos gewysig, die Militêre Reglement van Dissipline soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 891 van 28 Junie 1935 as volg te wysig:—

Deur subartikel (1) van artikel *eenhonderd-agt-en-dertig* deur die volgende te vervang:—

„(1) Alle gewone soldy vir elke dag van afwesigheid, hetsy as deserteur of sonder verlof of as krygsgevangene, en vir elke dag gevangenisstraf wat hy ondergaan as gevolg van 'n vonnis deur 'n burgerlike hof of 'n krygsraad of, as hy op een van die skepe van die S.A. Vloot is, deur die bevelvoerder van die skip opgelê; vir elke dag detensie of veldstraf wat hy ondergaan as gevolg van 'n vonnis deur 'n krygsraad of sy bevelvoerder opgelê; en vir elke dag wat hy in bewaring deurbring, aangekla van 'n oortreding waaran 'n burgerlike hof, of 'n krygsraad hom later skuldig bevind, of aangekla van afwesigheid sonder verlof waarvoor sy bevelvoerder hom later detensie of veldstraf oplê:

Met dien verstande dat, vir die toepassing van hierdie subartikel, elke dag wat hy deurbring in afwagting van die bekragtiging en/of promulgering van 'n vonnis van gevangenisstraf, detensie of veldstraf deur 'n krygsraad opgelê, geag word om, al na die geval, 'n dag gevangenisstraf, detensie of veldstraf te wees wat hy as gevolg van so 'n vonnis ondergaan;".

Wysigingsblaadjie No. 46.]

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

✱ No. 1449.] [10 Julie 1953.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

VERLENGING VAN TYDPERKE VAN TOEPASSING VAN DIE OOREENKOMS VIR DIE FOTO-AFWERKINGSBEDRYF, WITWATERSRAND.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, verleng hierby kragtens subartikel (5) van artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, die tydperke vermeld in Goewermentskennisgewing No. 1700 van 25 Julie 1952, tot 3 November 1953.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

✱ No. 1450.] [10 Julie 1953.

LOONWET, 1937.

KOMMERSIËLE DISTRIBUSIEBEDRYF.—VERNAAMSTE GEBIEDE.

In opdrag van die Minister van Arbeid word elkeen wie se belange regstreeks of onregstreeks geraak word deur die aanbeveling wat die Loonraad aan die Minister voorgelê het en wat in die Bylae verskyn, hierby ooreen-

DEPARTMENT OF DEFENCE.

✱ No. 1445.] [10 July 1953.

CANCELLATION OF COMMISSION OF OFFICERS OF THE UNION DEFENCE FORCES.

It is hereby notified that His Excellency the Governor-General, in terms of section *thirty-two* of the South Africa Defence Act, 1912, has cancelled the commission of Second Lieutenant Percy Arthur Thomas Axcell, 3 Field Regiment, South African Artillery (Transvaal Horse Artillery) Active Citizen Force, with effect from 15th May, 1953. (A.G. 372/1B/8)

✱ No. 1491.] [10 July 1953.

AMENDMENT TO THE MILITARY DISCIPLINE CODE.

His Excellency the Governor-General has been pleased under the provisions of section *two* of the South Africa Defence Act (Amendment) and Dominion Forces Act, 1932 (Act No. 32 of 1932), as amended, to amend the Military Discipline Code as published by Government Notice No. 891 of 28th June, 1935, as follows:—

By the substitution for sub-section (1) of section *one hundred and thirty-eight* of the following:—

"(1) All ordinary pay for every day of absence either on desertion or without leave, or as a prisoner of war, and for every day of imprisonment served in consequence of an award by a civil court or court-martial or, if he is on board one of the ships of the S.A. Navy, by the Commanding Officer of that ship; for every day of detention or field punishment served in consequence of an award by a court-martial or by his commanding officer, and for every day whilst he is in custody on a charge for an offence of which he is afterwards convicted by a civil court or court-martial, or on a charge of absence without leave for which he is afterwards awarded detention or field punishment by his commanding officer;

provided that, for the purposes of this paragraph every day spent in awaiting confirmation and/or promulgation of a sentence of imprisonment, detention or field punishment awarded by a court-martial shall be deemed to be a day of imprisonment, detention or field punishment (as the case may be) served in consequence of that award;".

Amendment Slip No. 46.]

DEPARTMENT OF LABOUR.

✱ No. 1449.] [10 July 1953.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

EXTENSION OF THE PERIODS OF OPERATION OF THE AGREEMENT FOR THE PHOTO FINISHING TRADE, WITWATERSRAND.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, hereby in terms of sub-section (5) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, extend to the 3rd November, 1953, the periods referred to in Government Notice No. 1700 of the 25th July, 1952.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

✱ No. 1450.] [10 July 1953.

WAGE ACT, 1937.

COMMERCIAL DISTRIBUTIVE TRADE.—PRINCIPAL AREAS.

By direction of the Minister of Labour, all persons whose interests may be affected directly or indirectly by the recommendation which has been submitted to the Minister by the Wage Board and which appears in the

komstig paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Loonwet, 1937, versoek om, as hulle enige besware het teen die maak van 'n vasstelling ooreenkomstig die aanbeveling, daardie besware binne een-en-twintig dae na die publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik in te dien by die Sekretaris van Arbeid Private Sak 117, Pretoria.

(OPMERKING.—Persone wat besware indien, behalwe in manuskripvorm, word versoek om sewe afskrifte van hulle besware en sewe afskrifte van enige meegaande dokumente te verstrek.)

BYLAE.

AANBEVELING DEUR DIE LOONRAAD AAN DIE EDELE DIE MINISTER VAN ARBEID.

KOMMERSIËLE DISTRIBUSIEBEDRYF.—HOOFGEBIEDE.

1. GEBIED VAN TOEPASSING VAN VASSTELLING.

Hierdie Vasstelling is in onderstaande gebiede:—

Kaapprovinsie: Die munisipaliteitsgebiede Belville, Kaapstad, Oos-Londen, Vishoek, Goodwood, Parow, Port Elizabeth, Simonstad, Uitenhage en Walmer;

Natal: Die munisipaliteitsgebiede Durban, Malvern, Pietermaritzburg. Pinetown en Westville;

Oranje-Vrystaat: Die munisipaliteitsgebied Bloemfontein;

Transvaal: Die munisipaliteitsgebiede Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Johannesburg, Krugersdorp, Nigel, Pretoria, Randfontein, Roodepoort-Maraisburg en Springs, en die gebied wat binne die regsbevoegdheid van die Elsburgse Stadsraad val;

van toepassing op alle werknemers in die kommersiële distribusiebedryf en op die werkgewer van sulke werknemers; met dien verstande dat dit nie op onderstaande klasse werknemers van toepassing is nie:—

(*a*) Commissionaires;

(*b*) werknemers wie se tyd grotendeels in beslag geneem word deur die handwerk wat betrokke is by haarkappery, skeer en ander toiletdienste;

(*c*) enige werknemer van 'n werkgewer in die kommersiële distribusiebedryf wat ook 'n besigheid het ten opsigte waarvan 'n lisensie, buiten die lisensie wat in die omskrywing van kommersiële distribusiebedryf genoem word, vereis word, indien die grootste deel van die werknemer se tyd deur dié besigheid in beslag geneem word;

(*d*) werknemers wat die grootste deel van hulle tyd bestee aan een of meer van of al die onderstaande bedrywighede, nl. oprig en instandhouding van masjinerie, installasie en soortgelyke uitrusting buiten op die werkgewers se persele;

(*e*) werknemers in naturellegebiede soos omskryf in subklousule (2) van klousule *een-en-vyftig* van die Nywerheidversoeningswet, 1937.

2. WOORDBEPALINGS.

(1) Tensy die teenoorgestelde bedoeling blyk, het alle uitdrukkings in hierdie Vasstelling wat in die Loonwet, 1937, omskryf word, dieselfde betekenis as in die Wet en voorts, tensy dit strydig is met die verband, beteken—

„versteller", 'n werknemer wat mans-, vrouens- en kinderkledingstukke as deel van die verkoop daarvan heelmaak of verstel of enige ander soort naaldwerk in die inrigting doen;

„versteller, gekwalifiseer," 'n versteller met minstens vier jaar ondervinding;

„versteller, ongekwalifiseer," 'n versteller met minder as vier jaar ondervinding;

„hoedeversteller", 'n werknemer wat vrouens- of meisieshoede as deel van die verkoop daarvan uit die inrigting verstel;

„hoedeversteller, gekwalifiseer," 'n hoedeversteller met minstens vier jaar ondervinding;

„hoedeversteller, ongekwalifiseer," 'n hoedeversteller met minder as vier jaar ondervinding;

„monteur", 'n werknemer buiten 'n fietsmonteur of assistent-fietsmonteur wat meganiese of elektriese gereedskap of toerusting of onderdele daarvan in die geheel of gedeeltelik inmekaarsit uit klaarvervaardigde dele;

„assistent-fietsmonteur", 'n werknemer werksaam in een of meer van die volgende werke of bedieninge:—

(*a*) Montering van kinderwaentjies, loopwaens, trapwiele, snelwaens, trapkarretjies of enige ander soortgelyke voertuig met wiele of speelding wat met die hand of voet aangedryf word, waar so 'n montering nie verstellings aan presisiebuste, kettings of opgeboude wiele, of die aansit en verstywing van speke insluit nie; of

Schedule hereto, and who have any objections to the making of a determination in accordance with the recommendation, are hereby, in terms of paragraph (*a*) of subsection (1) of section *fifteen* of the Wage Act, 1937, invited to lodge such objections in writing with the Secretary for Labour, Private Bag 117, Pretoria, within twenty-one days after publication of this notice.

(NOTE.—Persons lodging objections other than in manuscript are requested to furnish seven copies of their statement of objections and seven copies of any accompanying documents.)

SCHEDULE.

RECOMMENDATION TO THE HONOURABLE THE MINISTER OF LABOUR BY THE WAGE BOARD.

COMMERCIAL DISTRIBUTIVE TRADE.—PRINCIPAL AREAS.

1. AREA AND SCOPE OF DETERMINATION.

This Determination shall apply in the following areas, namely:—

Cape Province.—The municipal areas of Bellville, Cape Town, East London, Fish Hoek, Goodwood, Parow, Port Elizabeth, Simonstown, Uitenhage and Walmer;

Natal.—The municipal areas of Durban, Malvern, Pietermaritzburg, Pinetown and Westville;

Orange Free State.—The municipal area of Bloemfontein;

Transvaal.—The municipal areas of Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Johannesburg, Krugersdorp, Nigel, Pretoria, Randfontein, Roodepoort-Maraisburg and Springs and the area falling under the jurisdiction of the Elsburg Town Board;

to all employees in the Commercial Distributive Trade and to the employers of such employees; provided that it shall not apply to the following classes of employees, namely:—

(*a*) Commissionaires;

(*b*) employees, the major portion of whose time is spent in the manual operations comprised in hairdressing, shaving or the rendering of other toilet services;

(*c*) any employee of an employer engaged in the Commercial Distributive Trade who is also engaged in a business in respect of which a licence, other than one of the licences referred to in the definition of Commercial Distributive Trade, is required, if the major portion of such employee's time is spent in connection with such business;

(*d*) employees, the major portion of whose time is spent in any one or more or all of the following activities, namely, erecting or maintaining machinery, plant or similar equipment elsewhere than on the premises of their employers;

(*e*) employees in Native areas as defined in sub-section (2) of section *fifty-one* of the Industrial Conciliation Act, 1937.

2. DEFINITIONS.

(1) Unless the contrary intention appears, any expression used in this Determination which is defined in the Wage Act, 1937, shall have the same meaning as in that Act and unless inconsistent with the context—

"alteration hand" means an employee who is engaged in altering or repairing any articles of men's, women's or children's wearing apparel incidental to the sale of such articles from an establishment or in any other form of sewing in an establishment;

"alteration hand, qualified," means an alteration hand who has had not less than four years' experience;

"alteration hand, unqualified," means an alteration hand who has had less than four years' experience;

"alteration milliner" means an employee who is engaged in altering women's or girls' hats incidental to the sale of such hats from an establishment;

"alteration milliner, qualified," means an alteration milliner who has had not less than four years' experience;

"alteration milliner, unqualified," means an alteration milliner who has had less than four years' experience;

"assembler" means an employee, other than a bicycle assembler or an assistant bicycle assembler, who is engaged in assembling mechanical or electrical devices or appliances or any component parts thereof in whole or in part from ready-made parts;

"assistant bicycle assembler" means an employee who is engaged in one or more of the following duties or operations:—

(*a*) assembling perambulators, go-carts, scooters, express wagons, pedal cars or any other similar wheeled vehicles or toys propelled by hand or foot, where such assembling does not involve the adjustment of precision bearings, chains or built-up wheels or the setting and tightening of spokes; or

(*b*) verrigting van 'n fietsmonteur se pligte onder algemene toesig, behalwe die regstel van fietse, die finale verstellings aan presisielaers, kettings of opgeboude wiele, of die aansit en verstywing van speke.

„assistent-versendingsklerk", 'n werknemer wat in die versendingsdepartement of afdeling van 'n inrigting, onder die toesig van en onderworpe aan die kontrole van 'n versendingsklerk, goedere versamel, pak of versend wat ontvang is of op versending wag, of pakette nagaan, weeg, merk of adresseer, en vir die doel van hierdie woordbepaling beteken die uitdrukking „goedere opmaak" die byeenbring van goedere, ooreenkomstig 'n geskrewe bestelling, instruksie of lys en kan ook insluit die gee van mondelikse bevele aan 'n algemene werknemer om sodanige goedere te gaan haal, dra op opstapel;

„sakheelmaker", 'n werknemer wat sakke per masjien herstel, waar die heelmaak saamgaan met die verkoop van sakke of hul inhoud;

„fietsmonteur", 'n werknemer betrokke by een of meer van onderstaande werksaamhede of bedienings:—

(*a*) Montering van fietse of toebehore in die geheel of gedeeltelik uit klaarvoorbereide dele;

(*b*) fietswiele regstel of finale verstellings aan voltooide fietse doen;

(*c*) verstellings van presisielaers, kettings of opgeboude wiele, of aansit en verstywing van speke;

en vir die doel van hierdie woordbepaling en dié van assistentfietsmonteur, sluit die uitdrukking „fiets", sonder om die gewone betekenis te beperk, ook in 'n driewiel en 'n afleweringsdriewieler, en ook 'n kinderwa, loopwa, trapwiel, snelwa, trapkarretjie of enige ander soortgelyke voertuig met wiele of speelding wat met die hand of voet aangedryf word.

„los werknemer", 'n werknemer wat hoogstens drie dae in een week by dieselfde werkgewer in diens is;

„onderbaas", 'n werknemer wat uitdruklik belas is met toesig oor en verantwoordelikheid vir verkopings, veilige bewarings en voorrade en besigheid met die publiek in 'n afgebakende deel van die perseel of ten opsigte van 'n bepaalde klas of klasse goedere in die inrigting, en wat verder in volle of gedeeltelike beheer geplaas kan word oor minstens drie winkelbediendes in so 'n afdeling of in verband met die klas of klasse goedere;

„chauffeur", die bestuurder van 'n motor wat bedoel is vir die gerief van passasiers en gebruik word om personeel van 'n inrigting, kliënte of besoekers te vervoer;

„apteker", 'n werknemer in 'n apteek wat kragtens die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928, as apteker en drogis geregistreer is;

„leerlingapteker", 'n werknemer in 'n apteek wat in diens is kragtens 'n vakleerlingskapkontrak volgens die reëls opgestel kragtens artikel *vier-en-negentig* (2) (i) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928;

„klerklike werknemer", 'n werknemer wat skryf, tik of liasseer of enige ander soort klerklike werk doen, ook 'n kassier en 'n telefonis;

„klerklike werknemer, vroulik, gekwalifiseer," 'n vroulike klerklike werknemer met minstens vier jaar ondervinding;

„klerklike werknemer, vroulik, ongekwalifiseer," 'n vroulike klerklike werknemer met minder as vier jaar ondervinding;

„klerklike werknemer, manlik, gekwalifiseer," 'n manlike klerklike werknemer met minstens vyf jaar ondervinding;

„klerklike werknemer, manlik, ongekwalifiseer," 'n manlike klerklike werknemer met minder as vyf jaar ondervinding;

„steenkool", sluit in kooks en steenkool;

„steenkoolbedryf" beteken die handel waarin werkgewers en werknemers verbonde is vir die verkoop, verspreiding en voorbereiding vir verkoop van kool of brandhout, of albei, of vir een of meer van hierdie bedrywighede;

„kommersiële distribusiebedryf", die bedryf van—

(*a*) houers van botteldranklisensies kragtens die Drankwet, 1928;

(*b*) persone wat een of meer van die lisensies in onderstaande items van deel I van die Tweede Bylae by die Licenties Konsolidatie Wet, 1925, moet hê—

Item 3: Apteker;
Item 10: Handelaars in vars produkte;
Item 11: Algemene handelaar.

(*c*) winkel of persele ten opsigte waarvan 'n lisensie kragtens paragraaf (2) item 4 (bakker) van deel I van die Tweede Bylae by die Licenties Konsolidatie Wet, 1925, nodig is, maar sluit nie in nie—

(i) die deel van die bedryf wat uitgeoefen word deur—

(*a*) die verkoop of verspreiding of albei deur groothandelvervaardigers, met inbegrip van graanmeulenaars, van goedere wat hulle vervaardig;

(*b*) performing, under general supervision, any of the duties of a bicycle assembler, other than the trueing of bicycle wheels, the final adjustment of an assembled bicycle, the adjustment of precision bearings, chains or built-up wheels or the setting and tightening of spokes;

"assistant despatch clerk" means an employee who, in the despatch department or section of an establishment and under the supervision of and subject to checking by a despatch clerk, assembles, packs or despatches goods received or held in stock for despatch or who checks, weighs, marks or addresses packages, and for the purpose of this definition the expression "assembles goods" means the bringing together of goods in accordance with a written order, instruction or list and may include the giving of verbal orders to a general worker to fetch, carry or stack such goods;

"bag mender" means an employee who is engaged in mending bags or sacks by machine where such mending is incidental to the sale of the bags or sacks or the contents of the bags or sacks;

"bicycle assembler" means an employee engaged in any one or more of the following duties or operations:—

(*a*) Assembling bicycles or any component parts thereof in whole or in part from ready-made parts;

(*b*) trueing bicycle wheels or making final adjustments to an assembled bicycle;

(*c*) adjusting precision bearings, chains or built-up wheels or setting and tightening spokes;

and for the purpose of this dfinition and that of assistant bicycle assembler, the expression "bicycle", without in any way limiting its ordiary meaning, includes a tricycle and a delivery tricar and also includes a perambulator, a go-cart, a scooter, an express wagon, a pedal car and any other similar wheeled vehicle or toy propelled by hand or by foot;

"casual employee" means an employee who is employed by the same employer on not more than three days in any week;

"chargehand" means an employee who is specifically charged with supervisory responsibility for the conduct of sales, the safe custody of stock and the conduct of business with the public within any demarcated section of the premises or in respect of any specific class or classes of merchandise in the establishment, and who is in addition placed in full or partial supervisory control of at least three shop assistants employed in such section or in connection with such class or classes of merchandise;

"chauffeur" means an employee who is engaged in driving a motor vehicle designed to carry passengers and used for the conveyance of personnel of an establishment, clients or visitors;

"chemist" means an employee in a pharmacy who is registered as a chemist and druggist under the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928;

"chemist apprentice" means an employee in a pharmacy who is bound by a contract of apprenticeship in accordance with the rules framed under section *ninety-four* (2) (i) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928;

"clerical employee" means an employee who is engaged in writing, typing, filing or any other form of clerical work and includes a cashier and a telephone operator;

"clerical employee, female, qualified," means a female clerical employee who has had not less than four years' experience;

"clerical employee, female, unqualified," means a female clerical employee who has had less than four years' experience;

"clerical employee, male, qualified," means a male clerical employee who has had not less than five years' experience;

"clerical employee, male, unqualified," means a male clerical employee who has had less than five years' experience;

"coal" includes coke and charcoal;

"Coal Trade" means the trade in which employers and employees are associated for the sale, distribution and preparation for sale of coal or firewood, or both, or for any one or more of these activities;

"Commercial Distributive Trade" means the trade carried on—

(*a*) by holders of bottle liquor licences issued under the Liquor Act, 1928;

(*b*) by persons required to take out one or more of the licences specified in the undernoted items of Part I of the Second Schedule to the Licences Consolidation Act, 1925—

Item 3: Apothecary;
Item 10: Fresh Produce Dealer;
Item 11: General Dealer;

(*c*) in any shop or premises in respect of which a licence is required in terms of paragraph (2), Item 4 (Baker) of Part I of the Second Schedule to the Licences Consolidation Act, 1925,

but shall not include—

(i) that section of the trade in which is carried on—

(*a*) the sale or distribution or both by wholesale by manufacturers (including cereal millers) of the goods manufactured by them;

(*b*) die verkoop of verspreiding of albei van die produkte van 'n bakkery op die perseel;
(*c*) die verkoop of verspreiding of albei van klip, gruis, sand, padmateriaal, of ander soortgelyke produkte, of
(*d*) die bessigheid van 'n gruisgatbestuurder;

(ii) die vloeibare brandstof- en oliebedryf;
(iii) die suiwelbedryf;
(iv) die steenkoolbedryf;
(v) die timmerhoutbedryf;

„kommissiewerk", 'n stelsel waarvolgens 'n handelsreisiger se besoldiging gebaseer word op die getal of waarde aan bestellings wat hy aan sy werkgewer voorlê en wat die werkgewer aanneem;

„suiwelprodukte", sonder om inbreuk te maak op die gewone betekenis van die uitdrukking, room, botter, kaas, karringmelk, afgeroomde melk, afgeskeide melk, plantjiemelk, suurmelk, eiers, heuning en roomys;

„suiwelbedryf", die bedryf waar werkgewers en werknemers verbonde is vir die verkoop of verspreiding of albei van volmelk, ook die verkoop of verspreiding of albei van enigeen of al die produkte wat as suiwelprodukte omskryf is indien die verkoop of verspreiding of albei saamgaan met die verkoop of verspreiding of albei van volmelk, verder alle werk wat daarmee saamgaan indien dit deur genoemde werkgewers en werknemers verrig word, maar buiten die verkoop van oortollige volmelk, karringmelk, afgeroomde melk of afgeskeide melk aan melkdistribueerders deur fabrieke wat suiwelprodukte vervaardig en gewoonlik nie volmelk verkoop nie;

„versendingsklerk", 'n werknemer wat verantwoordelik is vir die ontvang van goedere by 'n magasyn of pakhuis of van afdelings, of vir versending daaruit, en wat die pligte van 'n assistent-versendingsklerk kan verrig, of daaroor toesig hou of dit nagaan;

„uitstaller", 'n werknemer wat voltyds of hoofsaaklik besig is met die teken, skilder, maak of voorbereiding van biljette, plakkate, agtergronde, tablo's of binne-, buite- of venster-uitstallings;

„uitstaller, vroulik, gekwalifiseer," 'n vroulike uitstaller met minstens vier jaar ondervinding;

„uitstaller, vroulik, ongekwalifiseer," 'n vroulike uitstaller met minder as vier jaar ondervinding;

„uitstaller, manlik, gekwalifiseer," 'n manlike uitstaller met minstens vyf jaar ondervinding;

„uitstaller, manlik, ongekwalifiseer," 'n manlike uitstaller met minder as vyf jaar ondervinding;

„uitstaller se assistent", 'n werknemer wat onder die leiding van en ooreenkomstig die spesifieke bevele in fyner besonderhede van 'n uitstaller—

(i) grondkleure aanbring volgens buitelyne of ander afgebakende perke wat deur 'n uitstaller aangetoon word op aanplakbiljette, plakkate of ander uitstallings;

(ii) aanplakbiljette, plakkate en ander materiaal bestaande uit tablo's of ander uitstallings wat deur die uitstaller ontwerp is;

„distrik A", die munisipaliteitsgebiede Alberton, Benoni, Bloemfontein, Boksburg, Brakpan, Kaapstad, Durban, Oos-Londen, Vishoek, Germiston, Johannesburg, Krugersdorp, Malvern, Nigel, Pietermaritzburg, Port Elizabeth, Pretoria, Randfontein, Roodepoort-Maraisburg, Springs, Walmer en Westville en die gebied binne die regsbevoegdheid van die Elsburgse Stadsraad;

„distrik B", die munisipaliteitsgebiede Bellville, Goodwood, Parow, Pinetown, en Simonstad;

„distrik C", die munisipaliteitsgebied Uitenhage;

„motorvoertuigbestuurder", behalwe 'n chauffeur of monsterjong wat 'n voertuig bestuur en vir die doel van hierdie woordbepaling sluit „'n motorvoertuigbestuur" alle bestuurtydperke in en enige tyd wat die bestuurder aan werk bestee i.v.m. die motorvoertuig of die vrag en alle tydperke waarin hy verplig is om op sy pos te bly in gereedheid om te bestuur;

„noodwerk", werk wat weens onvoorsiene omstandighede soos brand, storms, ongeluk, gewelddaad of diefstal onmiddellik verrig moet word, ook werk i.v.m. die laai en aflaai van trokke of voertuie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens of voedselverskaffing aan skepe;

„inrigting", 'n perseel waarop of in verband waarmee een of meer werknemers in die kommersiële distribusiebedryf in diens is;

„uitvoerende, professionele, tegniese of administratiewe werknemer", 'n werknemer wat spesifiek deur sy werkgewer belas is met die verrigting van verantwoordelike werk waar gereelde besluite geneem moet word van onderskeidelik 'n uitvoerende, professionele, tegniese of administratiewe aard by of i.v.m. die bedrywighede van 'n inrigting; met dien verstande dat geen werknemer wat in so 'n inrigting werksaam is, onder een van hierdie kategorië mag sorteer nie slegs omdat hy tydelik as 'n plaasvervanger optree in die plek van 'n uitvoerende, professionele, tegniese of administratiewe werknemer, tydens laasgenoemde se tydelike afwesigheid en vir die doel van hierdie woordbepaling beteken die uitdrukking „afwesigheid" enige afwesigheid wat beskou word as diens kragtens klousule 6 (7);

„ondervinding"—

(*a*) met betrekking tot „'n versteller, die totale dienstydperk(e) as versteller, modemaakster, kleremaker of blindstopwerker;

(*b*) the sale or distribution or both of the products of a bakehouse from the premises thereof;
(*c*) the sale or distribution or both of stone, gravel, sand, road material or other similar products; or
(*d*) the business of a quarry master;

(ii) the Liquid Fuel and Oil Trade;
(iii) the Dairy Trade;
(iv) the Coal Trade;
(v) the Timber Trade;

"commission work" means any system under which a traveller's remuneration is based on the value or number of orders submitted by him to, and accepted by, his employer;

"dairy produce" means, without limiting the ordinary meaning of the term, cream, butter, cheese, buttermilk, skimmed milk, separated milk, cultured milk, sour milk, eggs, honey and ice cream;

"Dairy Trade" means the trade in which employers and employees are associated for the purpose of the sale or distribution, or both, of whole milk and includes the sale or distribution, or both, of any or all of the articles included in the definition of dairy produce if such sale or distribution, or both, is in association with the sale or distribution, or both, of whole milk and further includes all work incidental thereto if carried on by such employers and employees, but does not include the sale of surplus whole milk, buttermilk, skimmed miik or separated milk to milk distributors by factories at which milk products are manufactured and from which whole milk is not ordinarily sold;

"despatch clerk" means an employee who is responsible for receiving goods into or from a store or warehouse or from departments for despatch, and who may perform, or supervise and check the duties of an assistant despatch clerk;

"displayer" means an employee who is wholly or mainly engaged in drawing, painting, making or preparing posters, placards, backgrounds, set-pieces or window, interior or exterior displays;

"displayer, female, qualified," means a female displayer who has had not less than four years' experience;

"displayer, female, unqualified," means a female displayer who has had less than four years' experience;

"displayer, male, qualified," means a male displayer who has had not less than five years' experience;

"displayer, male, unqualified," means a male displayer who has had less than five years' experience;

"displayer's assistant" means an employee who, under the direction and in accordance with the specific detailed instructions of a displayer—

(i) ground paints to outlines or other demarcated limits indicated by a displayer on posters, placards or other displays; or
(ii) cuts out or assembles posters, placards or other materials comprising set pieces or other displays designed by the displayer;

"district A" means the municipal areas of Alberton, Benoni, Bloemfontein, Boksburg, Brakpan, Cape Town, Durban, East London, Fish Hoek, Germiston, Johannesburg, Krugersdorp, Malvern, Nigel, Pietermaritzburg, Port Elizabeth, Pretoria, Randfontein, Roodepoort-Maraisburg, Springs, Walmer and Westville and the area falling under the jurisdiction of the Elsburg Town Board;

"district B" means the municipal areas of Bellville, Goodwood, Parow, Pinetown and Simonstown;

"district C" means the municipal area of Uitenhage;

"driver of a motor vehicle" means an employee, other than a chauffeur or a sample boy, who is engaged in driving a motor vehicle, and for the purpose of this definition "driving a motor vehicle" includes all period of driving and any time spent by the driver on work connected with the motor vehicle or the load and all periods during which he is obliged to remain at his post in readiness to drive;

"emergency work" means any work which, owing to unforeseen causes such as fire, storm, accident, act of violence or theft, must be done without delay and includes the work connected with the loading or unloading of trucks or vehicles of the South African Railways and Harbours, or the provisioning of ships;

"establishment" means any premises in or in connection with which one or more employees are employed in the Commercial Distributive Trade;

"executive, professional, technical or administrative employee," means an employee who is specifically charged by his employer with the performance of work entailing responsibility for regularly taking decisions of an executive, professional, technical or administrative character, respectively, in or in connection with the activities of an establishment; provided that no employee employed in such an establishment shall be deemed to fall in any one of the categories merely by virtue of the fact that he relieves an executive, professional, technical or administrative employee during the latter's temporary absence, and for the purpose of this definition the expression "absence" shall mean any absence regarded as employment in clause 6 (7);

"experience" means—

(*a*) in relation to an alteration hand, the total period or periods of employment which an employee has had as an alteration hand, dressmaker, tailor or invisible mender;

(*b*) met betrekking tot 'n hoedeversteller, die totale dienstydperk(e) as hoedeversteller of -maker;

(*c*) met betrekking tot 'n klerklike werknemer, uitstaller of winkelbediende, die totale dienstydperk(e) as klerklike werknemer, uitstaller of winkelbediende;

met dien verstande—

(i) dat enige dienstydperk(e) bo drie jaar in een of meer van hierdie beroepe oor die geheel nie beskou moet word as diens in 'n ander beroep nie;

(ii) dat vir die doel van hierdie woordbepaling 'n dienstydperk(e) wat 'n werknemer as onderbaas geniet het, beskou moet word as diens van 'n winkelbediende; en

(iii) dat vir die doel van hierdie woordbepaling slegs 'n helfte van die dientydperk(e) wat 'n werknemer as deeltydse werknemer genit het, beskou moet word as diens van 'n klerklike werknemer of winkelbediende, al na die geval;

(*d*) met betrekking tot 'n versorger-bestellingnemer of handelsreisiger die totale dienstydperk(e) onderskeidelik as versorger-bestellingsnemer of as handelreisiger;

„algemene werker", 'n werknemer wat een of meer van onderstaande soorte werk verrig;—

(*a*) Posseëls plak op briewe, pakkette en ander artikels wat gepos moet word, of 'n frankeermasjien met die hand bedien;

(*b*) gedrukte of klaar geadresseerde etikette plak op bottels bale, kaste of ander pakkette;

(*c*) gegolfde of veselborddose en soortgelyke houers met die hand inmekaarsit en uitmekaarhaal;

(*d*) op afleweringsvoertuie behulpsaam wees;

(*e*) goedere dra, verskuif, opstapel of uitpak;

(*f*) wiele omruil en lekke heelmaak;

(*g*) persele, voertuie, diere, meubels, werktuie, masjinerie, implemente, gereedskap of ander artikels op die werkgewer se perseel skoonmaak;

(*h*) pluimvee skoonmaak of pluk;

(*i*) vis skoonmaak skraap of aan stuk of in skyfies sny;

(*j*) invordering van kontant in die geval van k.b.a.-verkopings en aanname van geskrewe bestellings;

(*k*) met betrekking tot goedere wat in die inrigting verkoop word, papier, monsters linoleum, gordynstange, ogiesdraad, draad of ander artikels of benodighede met die hand sny;

(*l*) briewe, boodskappe of goedere per voet aflewer of deur middel van 'n fiets, driewiel of ander voertuig wat met die hand of voet aangedryf word;

(*m*) diere, voëls en ander lewende hawe kos gee;

(*n*) bottels en ander houers vir voorraad vul;

(*o*) pos opvou of in koeverte plaas;

(*p*) eiers volgens grootte gradeer;

(*q*) voertuie laai of aflaai;

(*r*) vure maak of aan die brand hou of as of afval verwyder;

(*s*) tee of soortgelyke dranke vir werknemers, die werkgewer of sy gaste maak of bedien;

(*t*) bale, kiste of pakkette met die hand merk of sjabloneer;

(*u*) sakke met die hand heelmaak;

(*v*) voorafgeweegde of andersins bepaalde bestanddele van diere- of pluimveekos met die hand meng;

(*w*) voertuie buiten motorvoertuie olie en ghries;

(*x*) deure, vensters, bale, kaste of ander houers oop- of toemaak;

(*y*) 'n goederehyser of hystoestel bedien;

(*z*) artikels van dieselfde getal en grootte pak in houers, wat spesiaal vir sulke artikels bedoel is, of artikels of besondere groepe artikels pak in houers wat spesiaal vir sulke artikels of groepe artikels bedoel is of artikels in oop houers pak vir plaaslike aflewering;

(*aa*) pakkies of pakkette sorteer of toedraai;

(*bb*) diere versorg of in- of uitspan;

(*cc*) rubber- of ander stempels gebruik waar daar geen onderskeidingsvermoë nodig is nie;

(*dd*) oorpakke, uniforms of beskermende klere was;

(*ee*) op 'n gestelde skaal afweeg.

„handlanger", 'n werknemer wat in diens is vir kleiner reparasies en verstellings aan masjinerie, installasie en ander uitrusting wat die eiendom van sy werkgewer is en kleiner reparasies en opknappings- en instandhoudingswerk aan geboue, wat deur sy werkgewer betrek is, kan doen;

„aansporingsbonuswerk", 'n stelsel waarvolgens 'n werknemer se besoldiging gebaseer word op die hoeveelheid of omvang van werk verrig;

„stryker", 'n werknemer wat voltyds of hoofsaaklik vir strykwerk in diens is;

„wet" sluit in Gemenereg;

„hyserbediener", 'n werknemer wat 'n personehyser bedien;

(*b*) in relation to an alteration milliner, the total period or periods of employment which an employee has had as an alteration milliner or milliner;

(*c*) in relation to a clerical employee, displayer or shop assistant, the total period or periods of employment which an employee has had either as a clerical employee, displayer or a shop assistant;

provided—

(i) that any period or periods of employment in excess of three years in any one or two of these occupations in the aggregate shall not be reckoned as employment in any other of these occupations;

(ii) that for the purpose of this definition any period or periods of employment which an employee has had as a chargehand shall be deemed as employment as a shop assistant; and

(iii) that for the purpose of this definition only one half of the period or periods of employment which an employee has had as a part-time employee shall be reckoned as employment as a clerical employee or shop assistant, as the case may be;

(*d*) in relation to a service supply salesman or traveller the total period or periods which an employee has had as a service supply salesman or traveller, respectively;

"general worker" means an employee who is engaged in any one or more of the following duties or operations:—

(*a*) Affixing postage stamps on letters, parcels or other articles for posting or using a manually operated franking machine;

(*b*) affixing printed or ready addressed labels on to bottles, bales, boxes or other packages;

(*c*) assembling or dismantling by hand, corrugated or fibre board boxes or similar containers;

(*d*) assisting on delivery vehicles;

(*e*) carrying, moving, stacking or unpacking goods;

(*f*) changing wheels or repairing punctures;

(*g*) cleaning premises, vehicles, animals, furniture, utensils, machinery, implements, tools or other articles, on his employer's premises;

(*h*) cleaning or plucking poultry;

(*i*) cleaning, scaling, cutting or slicing fish;

(*j*) collecting cash in the case of C.O.D. sales or accepting written orders;

(*k*) cutting by hand in relation to goods sold in the establishment, paper, samples, linoleum, curtain rods, netting wire, wire or other articles or commodities;

(*l*) delivering or conveying letters, messages or goods on foot or by means of a bicycle, tricycle or other hand or foot propelled vehicle;

(*m*) feeding animals, birds or other livestock;

(*n*) filling bottles or other containers for stock;

(*o*) folding or enveloping mail;

(*p*) grading eggs according to size;

(*q*) loading or unloading vehicles;

(*r*) making or maintaining fires or removing refuse or ashes;

(*s*) making tea or similar beverages for, or serving tea or similar beverages to, employees or his employer or guests;

(*t*) marking or stencilling bales, boxes or other packages by hand;

(*u*) mending bags or sacks by hand;

(*v*) mixing previously weighed or otherwise determined ingredients of animal or poultry foods by hand;

(*w*) oiling or greasing vehicles, other than motor vehicles;

(*x*) opening or closing doors or windows or bales, boxes or other packages;

(*y*) operating a goods lift or hoist;

(*z*) packing articles of uniform size and number into containers specially designed to contain such articles, or packing articles or specific groups of articles into containers specially designed to contain such articles or groups of articles, or packing articles into open containers for local delivery;

(*aa*) sorting packages or parcels or wrapping up parcels;

(*bb*) tending, harnessing or unharnessing animals;

(*cc*) using rubber or other stamps, involving no discretion;

(*dd*) washing overalls, uniforms or protective clothing;

(*ee*) weighing to a set scale;

"handyman" means an employee who is engaged in making minor repairs or adjustments to machinery, plant or other equipment being the property of his employer, and who may effect minor repairs or renovations to or maintenance work on buildings occupied by his employer;

"incentive rates work" means any system under which an employee's remuneration is based on the quantity or output of work done;

"ironer" means an employee who is wholly or mainly engaged in ironing;

"law" includes the Common Law;

"lift attendant" means an employee who is engaged in operating a passenger lift;

„vloeibare brandstof- en oliebedryf", die bedryf waarin werkgewers en werknemers verbonde is hoofsaaklik of suiwer vir die ontvangs, verpakking, vul, aflewering, verspreiding of verkoop, in die groothandel of by die grootmaat, na gelang van die geval van—

(*a*) enige soort vloeibare brandstof vir die aandrywing van binnebrandmotore;

(*b*) enige soort smeerolie of -ghries;

(*c*) enige soort olie, ghries of olieproduk wat versprei word deur 'n werkgewer wat by (*a*) betrokke is; en sluit alle werksaamhede in wat daarmee saamgaan of daaruit voortspruit;

„bestuurder", 'n werknemer in diens van en spesifiek deur sy werkgewer belas met algehele toesig oor, verantwoordelikheid vir en bestuur van die bedrywighede binne of i.v.m. so 'n inrigting waarin daar minstens drie werknemers werksaam is, uitgesonderd sodanige eersgenoemde werknemer; met dien verstande dat geen werknemer in diens by so 'n inrigting beskou kan word as bestuurder slegs omdat hy as plaasvervanger van die bestuurder van die inrigting optree tydens laasgenoemde se tydelike afwesigheid nie, en vir die doel van hierdie woordbepaling beteken die uitdrukking „afwesigheid" enige afwesigheid wat kragtens die bepalinge van klousule 6 (7) as diens beskou word;

„maandelikse werknemer", 'n werknemer wat aan die end van die maand sy loon ontvang;

„motorvoertuig", 'n meganiese voertuig wat vir die vervoer van goedere gebruik word, met inbegrip van 'n „ponie", behalwe in die woordbepalings „chauffeur" en „monsterjong";

„bestellingsklerk", 'n werknemer wat voltyds of hoofsaaklik van kantoor tot kantoor en van private huis tot huis gaan om bestellings van persone te werf vir die verskaffing van goedere vir hul gebruik of verbruik, en wat ook—

(*a*) die werk van 'n winkelbediende kan doen;

(*b*) geld namens sy inrigting invorder;

(*c*) bestellings vir goedere vir gebruik of verbruik van ander persone aanneem; en vir die doel van hierdie woordbepaling sluit die uitdrukking „private huis" 'n woonstel en losieshuis in, die bestuurder waarvan vrygestel is van die lisensie vervat in item 5 van die Tweede Bylae van die Licenties Konsolidatie Wet, 1925;

„verpakker", 'n werknemer wat goedere verpak vir vervoer of aflewering buiten die verpakker wat in die omskrywing van „algemene werker" genoem is;

„deeltydse winkelbediende", 'n klerklike werknemer of winkelbediende wat by die week as sulks in diens is vir hoogstens vier-en-twintig uur per week;

„apteek", 'n inrigting ten opsigte waarvan 'n aptekerslisensie ingevolge item 3 van deel I van die Tweede Bylae van die Licenties Konsolidatie Wet vereis word;

„monsterjong", 'n werknemer wat saam met 'n handelsreisiger rondreis en hom help om sy monsters in- en uit te pak en uit te stal en wat as bestuurder kan optree van 'n motorvoertuig wat deur die handelsreisiger gebruik word by die uitvoering van sy pligte;

„versorger-bestellingnemer", 'n werknemer wat voltyds of hoofsaaklik buitekant die perseel van sy werknemer besig is met die olie, ghries, skoonmaak of verstelling van masjinerie gereedskap of toerusting en wat ook—

(*a*) bestellings kan neem vir die verskaffing van dié masjinerie, gereedskap of toerusting of bybehore of materiaal wat gebruik word in verband met die masjinerie, gereedskap of toerusting;

(*b*) sulke masjinerie, gereedskap of toerusting op die klant se perseel kan heelmaak, en

(*c*) geld kan invorder;

„versorger-bestellingnemer, gekwalifiseer," 'n versorger bestellingsnemer met minstens drie jaar ondervinding;

„versorger-bestellingnemer, ongekwalifiseer," 'n versorger-bestellingnemer met minder as drie jaar ondervinding;

„gestelde skaal", 'n skaal wat gestel is om slegs één gewig te weeg maar sluit nie 'n gewone veerskaal in nie;

„winkelbediende", 'n werknemer wat een of meer van onderstaande soorte werk verrig:—

(*a*) kliënte in 'n inrigting bedien;
(*b*) goedere uitstal;
(*c*) voorraad bewaar en beheer;
(*d*) die pligte van 'n bestuurder nakom in 'n inrigting waarin drie of minder werknemers met inbegrip van homself, diens verrig, of
(*e*) bestellings opmaak;

en sluit in 'n versendingsklerk, bestellingsklerk, magasynmeester of pakhuisbediende, klerkopsigter en kaartjieskrywer; en vir die toepassing van hierdie woordbepaling beteken die uitdrukking „bestellings opmaak" die bymekaarsit van goedere—

(i) deur 'n werknemer wat uitvoering gee aan klante se bestellings in enige deel van 'n inrigting waartoe klante gewoonweg toegang het, of

(ii) elders as in enige deel van 'n inrigting soos vervat in (i) waar die gebruik van diskresie nodig is i.v.m. die uitsoek van goedere wat betref kwaliteit of die klant se beskrywing;

"Liquid Fuel and Oil Trade" means the trade in which employers and employees are associated wholly or mainly for the purpose of receiving, packing, filling, delivering, distributing or selling by wholesale or in bulk, as the case may be, of—

(*a*) any form of liquid fuel used for the purpose of driving internal combustion engines; or
(*b*) any form of lubricating oil or grease; or
(*c*) any form of oil, grease or product derived from oil if distributed by an employer engaged in (*a*),

and includes any operation incidental thereto or consequent thereon;

"manager" means an employee employed in and specifically charged by his employer with the overall supervision over, responsibility for and direction of, the activities carried on in or in connection with an establishment wherein there are employed not less than three employees, excluding such first-mentioned employee; provided that no employee employed in such an establishment shall be deemed to be a manager merely by virtue of the fact that he relieves the manager of the establishment during such manager's temporary absence, and for the purpose of this definition the expression "absence" shall mean any absence regarded as employment in clause 6 (7);

"monthly employee" means an employee who is paid by the month;

"motor vehicle", except in the definitions "chauffeur" and "sample boy", means any mechanically propelled vehicle used for the conveyance or delivery of goods and includes a mechanical horse;

"orderman" means an employee who is wholly or mainly engaged in an office-to-office or private house-to-house round, inviting, soliciting or canvassing orders from persons for the supply to them of goods for their use or consumption, and who may in addition—

(*a*) perform the duties of a shop assistant;
